# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (37/17)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 29 September 2017

Citrus Growers' Association OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!


***"The only thing to do with good advice is to pass it on. It is never any use to oneself" Oscar Wilde***


## SITRUS BEMARKINGSFORUM (CMF)

Die laaste CMF vir 2017 sal op Donderdag, 26 Oktober 2017 gehou word. Die vergadering sal by LNR Infruitec, Stellenbosch vanaf 10:00 gehou word.

## CHINESE SITRUS INVOERE

Van 2014 tot 2015 het die wêreld se sitrusinvoere na China van 161 833 ton tot 214 873 ton toegeneem. Alhoewel Suid-Afrika die hoofverskaffer (met byna 100 000 ton per jaar) gebly het, het sy aandeel in invoere afgeneem. Daar was beduidende toename in invoere vanuit die VSA en Australië.




## GEPAK EN VERSKEEP

### DIT IS 'N REKORD OES!

Met die volume wat nou gepak is, en wat 120 miljoen 15kg kartonne (1,8 miljoen ton) nader, is suidelike Afrika se uitvoervolumes die hoogste ooit, 2015 se 118,4 miljoen kartonne word verby gesteek; en ons het nog 'n paar weke van pak oor. Die finale syfer van wat gepak gaan word sal nie ver van die seisoen se begin skatting van 122,7 m kartonne wees nie, alhoewel die mengsel van sagte sitrus, suurlemoene en Valencias ten koste van nawels was. Met 'n groter volume **pomelo's** wat in 2017 uitgevoer is as in die vorige jaar – het alle streke groei in terme van totale volumes ondervind. Die volumes is egter effens anders verspreid. Die grootste invoerder was **die EU** (nog steeds die VK) wat 5,5 m kartonne ontvang het (2016 5,2 miljoen), dit verteenwoordig 'n mark-aandeel van 41% (2016 45%). **Asië** (wat Japan, Suid-Korea, Bangladesj, Indië, Thailand en Indonesië insluit in die 16 lande wat as hierdie streek geklassifiseer word) het 3.1 m kartonne (2016 2,4 miljoen) ontvang en 'n verhoogde mark-aandeel van 20% tot 23%. **Suid-Oos Asië** (China, Maleisië, Taiwan, Hong Kong, Singapoer en Viëtnam) het van 1.6m tot 1.8m toegeneem; maar mark-aandeel het van 15% tot 14% gedaal. **Rusland** het van 0,9 m tot 1,1 m kartonne - en van 7% tot 8% mark-aandeel toegeneem. **Noord-Amerika** het van 500 000 tot 600 000 kartonne toegeneem, terwyl die **Midde-Ooste** van 330 000 tot 350 000 kartonne toegeneem het.

| Tot Einde Week 38 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | **Gepak** | Verskeep | **Verskeep** | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| BRONNE: PPECB/AGRIHUB | 2015 | 2016 | 2017 | 2016 | 2017 | 2017 | 2017 | 2016 |
| Pomelo's | 16.1 m | 13.8 m | 15.7 m | 12.3 m | 14.2 m | 15.6 m | 15.7 m | 13.8 m |
| Sagte Sitrus | 9.9 m | 12.1 m | 13.4 m | 11.1 m | 12.9 m | 13.2 m | 13.8 m | 12.2 m |
| Suurlemoene | 14.7 m | 14.9 m | 19 m | 14.5 m | 18.7 m | 17.5 m | **19 m** | 15 m |
| Nawels | 24.4 m | 26.2 m | 21 m | 25.4 m | 21 m | 26.3 m | 21.2 m | 26.2 m |
| Valencias | 47.5 m | 40.6 m | 50.8 m | 38.1 m | 44.9 m | 50.1 m | 52.2 m | 41.8 m |
| Totaal | 112.6 m | 107.6 m | 119.9 m | 101.4 m | 111.7 m | 122.7 m | 121.9 m | 109 m |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**